

Publication: Burger, Die (Oos-Kaap) (Kommentaaren Ontleding)

Publication Date: 15 Aug 2017

Page: 8

AVE: 12270.75 Circulation: 7783 Part: 1 of 1

## In SA is súlke gedrag normaal

Vlugskrif Amanda Gouws



it maak nie saak dat adj.min. Mduduzi Manana glo twee vroue in Vrouemaand geslaan het nie dit is op enige dag van die jaar onaanvaarbaar

Wat wel saak maak, is dat Manana se lyfwagte glo niks gedoen het nie, dat 'n ander man na bewering een van die vroue vasgehou het terwyl hy haar slaan, dat die regering hom nie afge dank het nie, en dat die ANC-vroueliga

Die vroueliga se verskoning is dat Manana as 'n politieke speelbal gebruik word. Werklik? Die vroueliga is verfoeilik, om die minste te sê.

Nog 'n goeie vraag is waar die Kommissie vir Geslagsgelykheid in hierdie hele tragiese sage is.

Die kommissie het ons op 'n louwarm manier met statistiek bedien oor die 182 933 vroue wat die afgelope jaar ernstige beserings weens geweld opgedoen het. Hoekom wag hy vir die DA om Manana aan te kla?

Manana is die simptoom van 'n patriargale kultuur van stilswye oor en die normalisering van geweld teen vroue in die regering.

Kyk waarmee het Manana glo tot dusver weggekom: Volgens Sunday Times boelie en vloek hy glo die vroue wat vir hom werk, hy laat hulle skoonmaak en kook, hy gooi hulle met selfone en 'n dagboek, en het selfs een op 'n koue wintersaand twee ure buite laat sit om haar te straf.

Hierdie soort gedrag kan nie weggesteek word nie, wat beteken dat ander ministers sekerlik daarvan weet. Wat het hulle daaraan gedoen?

Bathabile Dlamini, voorsitter van die vroueliga, meen daar is mans wat erger as Manana optree. Beteken dit ons moet hom oorsien? Dis verregaande! Manana het glo een van die vroue geslaan omdat sy hom "gay" genoem het. Moet ons die homofobie miskyk?

As minister van sosiale ontwikkeling faal Dlamini in haar verantwoordelikheid teenoor vroue. Ten minste het die minister van vrouesake, Susan Shabangu, gevra dat 'n saak teen Manana aanhangig gemaak word.

In die meeste ander lande sou Manana geskors of afgedank gewees het, maar nie hier nie, want hier is dit normaal om vroue te slaan. Dit is normaal om vroue sleg te sê, te mishandel en/of te verkrag. Hoekom sal dit in die institusionele kultuur van die regering enigsins anders wees?

Manana is die adjunkminister van hoër onderrig en opleiding. Dit is 'n

sektor waarin vrouestudente verlede jaar landwye protesoptogte teen die verkragtingskultuur op kampusse gehou het. Manana is veronderstel om 'n beleid vir universiteite te maak. Wat het hy uit verlede jaar se protesoptogte geleer? Blykbaar niks nie.

Wil ons werklik he dat iemand soos Manana die volgende minister van hoër onderrig word?

Die president het op 9 Augustus ter viering van Vrouedag in Kimberley in sy toespraak gesê die geweld teen vroue word moeilik gepolisieer want dit word in die privaatheid van hul huise gepleeg deur mense wat hulle ken. Hy het gesê die bekamping van die geweld teen vroue is 'n top-prioriteit vir die polisie en dat die regering sy rol speel om geweld te bekamp.

Wel, twee vroue is na bewering op 6 Augustus in die openbaar voor lyfwagte aangerand, deur iemand wat hulle ken en wat 'n adjunkminister is. Ek wonder of die president besef hoe lagwekkend sy toespraak is.

Die ANC wil he ons moet 'n vrouekandidaat steun om die land se volgende president te word. Van die drie vrouekandidate het slegs Lindiwe Sisulu haar nog sterk oor Manana uitgespreek - maar eers ná 'n week

Prof. Gouws is verbonde aan die departement politieke wetenskap aan die Universiteit Stellenbosch.



